



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas



Jaargang 22 no 06
Junie 2013

Nog nie nou nie – maar dit kom wel	2
Inklusiewe onderwys ..	5
Die brief aan Diognetus	7
Christus is ons Koning	9
Die nasionale ontwikkelingsplan	12
Opvolgreaksie en repliek op Sosiale Kruispunt	15
Boekenuus.....	20

“Gaan en doen jy net so” (Lukas 10:37)

In die maand wat verby is, is die jaarlikse Vrouesaamtredag in Pretoria gehou. In hierdie uitgawe van *Kompas* verskyn die referaat wat suster Marietjie Breytenbach gehou het. 'n Tema van die dag was hoe ons uitreik na ander. Dit is 'n opdrag wat ons as Christene het. Ons lees in die gelykenis van die barmhartige samaritaan (Luk. 10:25-37) dat ons barmhartigheid aan ons naaste moet bewys. Ons moet God se goedheid wat ons in ons lewe ontvang, uitstraal na ander.

Maar hoe doen ons dit? Daar is heelwat georganiseerde uitreik-aksies na ander. Op die Vrouesaamtredag was daar 'n aantal mense wat daarvan vertel het, bv. evangelisasie in die tronke, kunsklasse en berading onder die boeregesinne in Zimbabwe, opvangs van gesinne wat 'n kind met kanker het. So is daar nog baie dinge wat genoem kan word. Ek is daarvan oortuig dat daar in elke stad in Suid-Afrika organisasies is wat uitreik na ander en waarby ons kan aansluit om liefdadigheid te doen.

Maar nie almal van ons sien kans om met 'n organisasie saam te werk nie. Dit vat dalk te veel tyd, wat ons nie het nie. Maar die taak van uitreik bly dan tog nog wel bestaan. Om goed te wees vir ons naaste is in Suid-Afrika nie moeilik nie. Daar is genoeg mense wat hulp nodig het. Daar is dalk bejaardes in jou straat wat eenzaam is, daar is kinders wat smiddags alleen by die huis is, daar is vroue wat 'n siek gesinslid het en daarom nooit van die huis af kan weggaan nie. Deur van ons tyd te gee, kan ons iets vir hierdie mense beteken. Betrek jou kinders by die hulpverlening. Hulle moet by ons leer wat naasteliefde is. As jy jong kinders het, laat hulle geld vir die motoroppasser gee. Praat met respek oor die oom of tannie wat die motor oppas. Verduidelik vir jou ouer kinders hoekom jy nie geld vir die bedelaar gee nie, maar wel bereid is om kos te gee.

Om uit te reik, is nie ons enigste taak nie. God verwag ook dat ons ons werk goed doen, dat ons ons gesin tot eer van God versorg. Dit kan gebeur dat 'n uitreik-aksie jou gesin se belange oorwoeker. Daar is bv. 'n kind in die straat wat tuis verwaarloos word en nou altyd by jou huis speel. Die kind sal pragtige waardes by jou leer, maar dit kan ten koste van die gesin gaan. Maak daarom afsprake. Daar is tye wat net vir die gesin is en daar is tye wanneer die ou tannie kan inwip vir 'n koppie koffie, wanneer die buurmaatjie kan kom speel, ens.

Ons moet wel onthou dat nie almal ewe veel kan uitreik nie. Wees nugter. God vra nie meer van jou as wat jy kan nie. Moenie slap lê nie, maar moet ook nie jouself ooreis nie. Dit vra gebed vir wysheid om hier die regte keuses te maak. Laat ons God se hulp daarvoor vra. Laat ons so die wêreld wys dat ons 'n barmhartige God het.

Heleen Snijder, lid van Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

Nog nie nou nie – maar dit kom wel!

Uit die Bybel



Die gelykenis van die onkruid in die akker (Mattheüs 13:24-30)

Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak?

Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.

Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur. (Mattheüs 13:28-30)

Inleiding

Bestaan God wel wanneer daar so baie geweld en onreg in die wêreld is?

'Bestaan God wel wanneer daar so baie geweld en onreg in die wêreld is? Indien Hy bestaan, hoekom doen Hy niks daarteen nie?' Dit is 'n vraag wat jy gereeld hoor wanneer jy met ongelowiges praat. Dit lyk of dit veral vandag een van die mees suksesvolle besware is teen die Christelike geloof. Dalk worstel jy self ook met hierdie vraag. Wanneer jy met misdaad of lyding gekonfronteer word, kan jy agterkom dat dit 'n realistiese vraag is.

Hoe jy dié vraag beantwoord, maak 'n wêreldse verskil. Ek vrees baie mense dink nie regtig na oor hierdie vraag nie, maar gebruik dit net as 'n verskoning om God te negeer. Maar vir ander is dit 'n

ernstige vraag. Hulle kan dit nie verstaan nie en dit verhinder hulle om te glo.

Waar kry jy die antwoord? In die gelykenis van die onkruid in die akker kan jy sien dat jy nie die antwoord kry wanneer jy net na die sigbare wêreldgebeure kyk nie. Koring en onkruid groei saam op. Indien God regtig bestaan, moet jy mooi luister wat Hy hieroor sê. Jesus het dit vir ons verduidelik lank voor die Tweede Wêreldoorlog en die Holocaust (wat die vraag oor die lyding so akuut gemaak het). Hierdie gelykenis sê vir ons hoe God die kwaad in die wêreld hanteer.

Teleurgesteld

Die dissipels het verwag dat Jesus die kwaad sou aanvat.

Die dissipels was vertrouwd met die oordeel. Die Ou Testament het duidelik gewys dat God die sonde straf. Dit was ook hoe die koninkryk van God deur profete aangekondig was: die 'dag van die Here' was 'n dag van verskrikking vir sy vyande, vir almal wat kwaad doen. Johannes die Doper was ook 'n oordeelsprofeet. Hy het Israel na die woestyn toe geroep om boete te doen en na God toe terug te keer. Jesus het dieselfde oproep laat hoor toe Hy sy prediking begin het: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele is naby!" Daarom het die dissipels verwag dat Jesus die kwaad sou aanvat. Die oordeel sou nou tog wel spoedig aanbreek. Vandag, môre..., hierdie jaar tog seker! Maar na 'n rukkie was hulle teleurgesteld. Dit het nie gelyk asof Jesus die oordeel gebring het nie. Eerder die teenoorgestelde: Hy is teengewerk en het Homself nie verdedig nie. Hoe nou?

Bygestel

Ons behoort nie naïef te wees nie: die koninkryk sal orals teenstand ondervind.

In hierdie gelykenis stel Jesus hul verwagtings by. Soos enige gelykenis begin dit met 'n 'real life'-situasie. 'n Man strooi saad in sy akker. Maar dadelik gebeur daar 'n snaakse ding: daar is 'n vyand

wat ander saad in die akker strooi. Die skokkende element in gelykenisse is altyd die sleutel om hulle te verstaan. Jesus is die Saaier en Hy strooi goeie saad. Maar die duiwel saai onkruid. Die sonde en verset teen Jesus hoort nie in die skepping nie, soos onkruid nie in 'n akker tuis hoort nie. Almal behoort God te vereer en te gehoorsaam.

Die onkruid val nie dadelik op nie. In die vroeë groeistadium lyk dit soos koring. Maar wanneer die koringkorrels begin ontwikkel, word die verskil duidelik: die een is goudkleurig, die ander swart. Op 'n dag loop die werkers deur die akker en dit lyk skielik asof die onkruid oorgeneem het. Dis 'n ramp! Hulle is verbaas, maar die eienaar weet dadelik dit was die werk van die vyand. Die verset teen Jesus en sy prediking, en in ons tyd teen die kerk, is geen verrassing vir Jesus nie. Ons behoort nie naïef te wees nie: die koninkryk sal orals teenstand ondervind. Toe Jesus in die wêreld gekom het, het die duiwel 'Red Alert' afgekondig: groot gevaar! Toe die Seun van God op aarde verskyn, het hy met al sy krag teen Hom geveg. Daarom behoort ons as Christene nie verbaas te wees nie oor die kwaad en onreg en ook nie oor die verset wat ons ontmoet wanneer ons probeer om Christus te gehoorsaam nie. Dis op 'n manier 'n goeie teken wanneer jy teenstand ondervind: die koninkryk van die hemele is aanwesig, en die duiwel veg daarteen! En dit is geweldig bemoedigend vir ons dat Jesus nie bekommerd is oor die teenstand nie, maar dit aankondig en ons daarop voorberei.

Reaksie

Wanneer die oordeel kom, is die sonde volgroeï en word die kwaaddoeners gestraf. En teen dié tyd is die vrugte van die ware gelowiges ook duidelik.

Hoe reageer ons? Die werkers het 'n radikale oplossing: maak gou, trek al die onkruid uit! Anders sal dit die koring versmoor en die oes in gevaar bring! Ons dink dikwels ook so: as die ongelowiges net uit die kerk verwyder kan word, of as ons ons uit die wêreld kan terugtrek, dan is ons veilig. Laat die straf oor die onreg en sonde sommer dadelik kom, dan is dit duidelik dat Jesus in beheer is, en is ons beskerm teen die gevolge van die kwaad en verleidings. Maar die eienaar het 'n ander oplossing. Hy weet dat, wanneer die werkers die onkruid orals begin uittrek, hulle ook goeie plante sal verwyder. Die plan- te is so na aan mekaar dat die wortels met mekaar

verstrengel is. En hulle kan dalk dink: 'Ag, dis maar net 'n paar goeie plante wat ons verloor. Ons het darem die onkruid netjies verwyder en die res van die koring is veilig.'

So kan ons oor die kerk dink. Jy kan mense wat 'n swak geloof het en in sonde val, baie hard aanvat en hulle ontmoedig en uit die gemeente wegstoot. Daar is geen begrip, nederigheid en geduld met sondaars nie. Maar Jesus is lief vir sy skape. Hy roep ons om sondaars met geduld te vermaan, in die besef dat ons self sondaars is (Gal. 6:1-2). Jesus gee tyd, sodat sondaars tot bekering kan kom en sodat verharding in die sonde kan plaasvind, sodat dit aan die einde duidelik is waar almal staan. Wanneer die oordeel kom, is die sonde volgroeï en word die kwaaddoeners gestraf. En teen dié tyd is die vrugte van die ware gelowiges ook duidelik.

Wag maar...

Beide gelowiges en ongelowiges sal saam groei totdat die oes kom, en dan sal die skeiding plaasvind.

Maar hier is ons probleem: intussen kan die kwaad aangaan en gesinne en lande verwoes. Kyk net na die korrupsie, die moorde, die leuens, die jeug wat sonder liefde en dissipline grootword! Dit lyk nie asof Jesus die kwaad beveg, straf en voorkom nie. Die gelykenis belowe egter dat dit wel sal gebeur, maar net nie op die tyd waarop ons dit wens nie. Beide gelowiges en ongelowiges sal saam groei totdat die oes kom, en dan sal die skeiding plaasvind. Ons kry dus sekerheid dat Jesus die sonde wel sal straf. Moenie bekommerd wees oor God se regverdigheid nie. En moenie bang wees dat dit 'n gevaar sal wees vir God se kinders nie. Dit is juis om hulle te beskerm dat Jesus die kwaad nog toelaat. Jesus wys dus vir ons dat Hy volledig in beheer is. Wat ook al in die wêreld gebeur, hoe erg ook al, dit kan nooit teen Hom gebruik word om Hom te verwyt dat Hy niks doen nie. Dit is deel van sy plan, en hy voer dit soewerein uit.

Wanneer jy Christus volg, vertrou op sy genade, en jou lewe aan Hom toewy, mag jy seker weet dat Jesus jou sal bewaar, ook in die grootste gevaar. Jesus het sy beskerming vir ons belowe, en Hy bid tot die Vader: "Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar." (Joh. 17:15)



Die oordeel

Wanneer ons daardie kwaad in ons lewe laat voortbestaan, sal dit in ons groei tot die dag van die oordeel, en dan bestraf word. Ons almal word nou opgeroep om ons te bekeer.

Die uitvoering van die oordeel is die klimaks van die gelykenis. Die werkers word beveel om al die onkruid bymekaar te maak om verbrand te word. En die koring word geoes en in die skuur bewaar. Hierdie is 'n ernstige waarskuwing vir almal wat die sonde liefhet en beoefen. Die rede hoekom mense met hulle sondes aangaan, is dikwels juis daardie gedagte: dat God dit tog nie straf nie. Jy kan vandag daarmee wegkom. Ons sien dat misdadigers en korrupte mense suksesvol is (net soos dit vir 'n ruk gelyk het asof die apartheidstelsel suksesvol was, en blankes 'n goeie lewe gehad het!). Maar dit gaan nie net oor misdaad nie. Daar is soveel maniere waarop ons ons teen God kan verset. 'n Getroude persoon voel nie dat hy nog getrou behoort te bly aan sy of haar huweliksmat nie, omdat die huwelik so moeisam verloop en geen vreugde meer verskaf nie. 'n Seun of dogter kan allerhande redes bedink om nie sy/haar ouers te gehoorsaam nie. Ons vind verskonings om kwaad te bly pleks van om nederig die ander te soek en lief te hê. Wanneer ons daardie kwaad in ons lewe laat voortbestaan, sal dit in ons groei tot die

dag van die oordeel, en dan bestraf word. Ons almal word nou opgeroep om ons te bekeer.

Boodskap

Ons word ernstig opgeroep om ons te bekeer en elke dag op Christus te vertrou. Doen dit, en jy sal deur God se genade bewaar word en deel wees van die oes in die skuur.

Hierdie gelykenis spreek tot gelowiges op twee maniere. In die eerste plek word ons bemoedig. Die kwaad sal nie wen nie! Christus is in beheer en stel die oordeel oor die kwaad uit om sy kinders te bewaar. Vertrou op Christus, Hy is Koning in die koninkryk van God. Maar die probleem van die kwaad in die wêreld is nie 'n probleem buite ons nie. Ons mag nie vinger wys en kla oor al die kwaad en onreg in die wêreld nie, asof dit ons nie affekteer en verlei nie. Ons word ernstig opgeroep om ons te bekeer en elke dag op Christus te vertrou. Doen dit, en jy sal deur God se genade bewaar word en deel wees van die oes in die skuur.

Ds Dirk Maurits Boersma, sendeling van die Vrye Gereformeerde Kerke in Akasia (Living Hope)

 **Hurter Spies** Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van kooporeenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

Inklusiewe onderwys

Gesin en opvoeding



Alle kinders kan leer, net nie op dieselfde dag en op dieselfde manier nie.

Die laaste jare sien ons dat daar in die hoofstroom-skole ook kinders met 'n gestremdeheid is. Dit is omdat die Suid-Afrikaanse onderwysbeleid ten gunste van die insluiting van kinders met gestremdeheid in hoofstroom-skole is. Hierdie soort onderwys word *inklusiewe onderwys* genoem. Wat is die praktiese betekenis van hierdie soort onderwys?

Die Nasionale kurrikulum volg 'n benadering waar in alle leerders se spesiale opvoedkundige behoeftes voorsien word.

Wat is inklusiewe onderwys?

Dit word gedefinieer as 'n leeromgewing wat die persoonlike, akademiese en professionele ontwikkeling van alle leerders – ongeag ras, klas, geslag, vermoëns, geloof, kultuur, seksuele voorkeure, leerstyle en taal – bevorder. Volgens die Handves van Menseregte 29 het almal die reg op opvoeding. God gee kinders verskillende vermoëns om te kan leer. Ons kan dus nie verwag dat elke kind dieselfde sal presteer nie. Maar God verwag wel van ons dat ons ons kinders die beste moontlikhede gee om te presteer volgens hulle vermoëns. In die "gewone" akademiese (hoofstroom) skole word die kinders met swakker vermoëns beter gestimuleer. Daarom is dit goed dat die regering inklusiewe onderwys ingestel het.

Volgens Witskrif 6 van Julie 2001 word inklusiewe onderwys as volg gedefinieer:

- Alle leerders kan leer en benodig ondersteuning.
- Alle leerders is verskillend met verskillende behoeftes.
- Onderrigstrukture, -sisteme en leermetodes moet in die behoeftes van alle leerders voorsien.
- Leer strek verder as formele leer – dit vind ook so-

siaal plaas in die gesins- en gemeenskapsopset.

- Houdings, gedrag, onderrigmetodes, kurrikula en omgewing moet aangepas word om in alle leerders se behoeftes te voorsien.
- Leergeleentede moet vergroot en leerhindernisse verklein word.
- Begaafde leerders moet bemagtig word deur die ontwikkeling van hulle sterk punte en geleentheid gebied word om krities aan die leerproses deel te neem, terwyl leergestremde leerders begelei moet word om agterstande te oorkom. Die Nasionale kurrikulum volg 'n benadering waarin daar in alle leerders se spesiale opvoedkundige behoeftes voorsien word.

Wat is die verskillende struikelblokke tot leer?

In inklusiewe onderwys word die onderwyser gekonfronteer met struikelblokke tot leer. Dit impliseer dat onderrigstyle baie meer buigbaar moet wees om al die behoeftes van die leerders te kan aanspreek.

God het elke kind uniek geskep. Daarom het elke kind sy eie unieke talente en behoeftes, ook kinders met gestremdeheid of leerhindernisse. Leerhindernisse kan ontstaan a.g.v. permanente probleme, onlangse beserings, of dit kan fluktuierend wees. Struikelblokke tot leer en leerbehoefte kan die volgende wees:

- Fisiese, verstandelike, sensoriese, neurologiese en ontwikkelingsprobleme
- Psigososiale versteurings
- Verskillende intellektuele vermoëns
- Onvoldoende taal
- Onvoldoende kommunikasie
- Onvoldoende ondersteuning
- Onbetrokkenheid van ouers
- Onopgeleide en onvoldoende onderwysers

In inklusiewe onderwys word die onderwyser gekonfronteer met uitdagings en akkommodasie in 'n verskeidenheid leerstyle. Dit impliseer dat onderrigstyle baie meer buigbaar moet wees om al die behoeftes van die leerders te kan aanspreek. Onderwysers staan sentraal in die sukses van inklusiewe onderwys, maar hulle behoort bygestaan te word deur die skool, beheerliggame, ouers en al die amptenare van die Onderwyser-bestuurs- en ontwikkelingsentrums.

Wat is die doel van inklusiewe onderwys?

Die doel van inklusiewe onderwys is dat leerders met verskillende gestremdhede 'n skool kan bywoon wat so na as moontlik is aan die vereistes en norme van 'n skool waar ander leerders skoolgaan. Die skool moet ook voorsiening daarvoor maak dat hierdie leerders se regte nie gestrem word nie en dat hulle die reg het om 'n normale lewe te lei terwyl daar voorsiening gemaak word vir hulle gestremdhede.

Voordele van inklusiewe onderwys

Kinders met leerhindernisse se akademiese prestasies verbeter in hoofstroomskole en inklusiewe onderwys verbeter ook die lewensvaardighede van klasmaats.

Kinders met leerhindernisse se akademiese prestasies verbeter in hoofstroomskole. Dit is a.g.v. die feit dat hulle, en veral kinders met Downsindroom, visuele leerders is. Hulle leer dus baie by die kinders in die klas. Die kind wil ook graag deel wees van die groep en doen dus dinge wat in ander omstandighede dalk nie van hom verwag sou word nie. Kinders wat in spesiale skole is, het meestal nie die voorbeeld van kinders wat op 'n hoër vlak as hulle funksioneer nie en daar word oor die algemeen minder van hulle verwag.

Inklusiewe onderwys het 'n groot invloed op die sosiale ontwikkeling van die kind. Kinders leer hoe om met ander tipies ontwikkelende kinders om te gaan, hulle leer ook om "kind" te wees en leer ook dinge wat "normaal" is vir die tipies ontwikkelende kind, soos bv. speletjies, gesegdes, ens.

Hulle kry ook die geleentheid om aan sport- en kultuur-aktiwiteite by die skool deel te neem. Dit is alles faktore wat daartoe bydra dat hulle leer om in die "normale" wêreld waarin ons leef, te kan funksioneer. Daar is immers nie 'n spesiale wêreld waarin kinders met leerhindernisse lewe nie.

Navorsing het bewys dat inklusiewe onderwys nie bloot tot kwessies van opvoedkundige organisasie en praktyk beperk behoort te word nie; inklusiewe onderwys behoort ook gesien te word as die mees waarskynlike strategie om te verseker dat leerders van alle ouderdomme met diverse behoeftes bemagtig word om besorgde, bekwame en bydraende burgers in 'n inklusiewe, veranderende en diverse samelewing te word.

Inklusiewe onderwys verbeter ook die lewensvaardighede van klasmaats, omdat hulle van jongs af

leer dat alle mense nie dieselfde is nie. God verwag van ouers dat hulle hul kinders leer om hulle naaste lief te hê. Daarom is dit goed dat kinders van jongs af aanvaarding, begrip, verdraagsaamheid en die nadele van stereotipering en negatiewe persepsies leer. Onderwysers maak aanpassings in die leerplan en gebruik meer visuele hulpmiddels, konkrete voorbeelde en fisiese aktiwiteite om die werk te verduidelik. Klasmaats vind ook baat hierby.

Uitdagings van inklusiewe onderwys


Die sukses van inklusiewe onderwys hang van verskeie faktore af:

- Die grootte van die klas: dit kan makliker hanteer word in skole met kleiner klasse, alhoewel daar ook suksesverhale is van skole waar daar groot klasse is.
- Die opleiding en insig van die onderwysers, dit is dikwels 'n "kopskuif". Die Downsindroom-vereniging van Pretoria bied jaarliks werkswinkels oor Inklusiewe onderwys aan.
- Ouers moet dikwels veg teen die wanpersepsie dat kinders met leerhindernisse hul klasmaats se leerervaring sal benadeel.
- Beskikbaarheid van hulpbronne soos visuele hulpmiddels en onderwys-assistente.

Die praktyk

Die praktyk van inklusiewe onderwys vereis die volgende:

- Die kind met 'n leerhindernis moet goed aangepas wees en daar moet goeie dissipline wees. Dissipline moet dus ook konsekwent toegepas word in die skool, sodat die kind kan verstaan wat van hom verwag word. Die kind moet ook tuis voel en gelukkig wees in die skool.
- Onderwysers moet die aanbieding van die leerplan aanpas deur gebruik te maak van visuele hulpmiddels, konkrete voorbeelde en fisiese aktiwiteite om begrippe te verduidelik.
- Werkstukke moet ook aangepas word op die vlak van die kind.
- Assessering vind op die kind se vlak en volgens sy vermoëns plaas.
- Eksamenhulp word ook verleen aan leerders met lees-, spelling- en skrifprobleme.
- Daar moet goeie kommunikasie en samewerking wees tussen die ouers en die onderwysers, sodat die kind sy volle potensiaal kan bereik.
- Verduidelik aan ouers van klasmaats wat inklusiewe onderwys is, en hou kommunikasiekanale oop, sodat ouers vrae kan vra.



- Verduidelik aan die klasmaats dat, om anders te wees, nie minderwaardig is nie en dat daar meer ooreenkomste as verskille tussen hulle en kinders met gestremdhede is.
- Handhaaf 'n beleid van geen verdraagsaamheid t.o.v. tergery en afbrekende opmerkings.

Dit is nie die kind se verantwoordelikheid om te bewys dat hy geregtig is om saam met sy maats onderrig te ontvang nie!

Insluiting beteken dus dat ons almal behoort: ons hoef nie te veg vir 'n kans om deel te wees van 'n klas of skool gemeenskap nie. Dit beteken dat ons aanvaar dat alle leerlinge deur God met sy eie gawes, talente en vermoëns geskape is en dus elke kind aanvaar soos hy is. Daar moet nie van 'n kind verwag word om die reg om ingesluit te word, te verdien of daarvoor te moet veg om dit te behou nie. Die onderwysers moet inklusiewe onderwys 'n bereikbare opsie maak: dit is nie die kind se verantwoordelikheid om te bewys dat hy geregtig is om saam met sy maats onderrig te ontvang nie!


Rinske Pouwels, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata

Die brief aan Diognetus

Samelewing en politiek



Diognetus



Brief aan Diognetus

Anders - hoe?

Het Christene 'n normale leefstyl? Of moet ons maar aanvaar dat gelowiges abnormaal in vandag se wêreld is? Hoe is die Christen anders? 'n Ou brief van 'n Christen wat ongeveer 150 nC geskryf is, kan ons help met bogenoemde vrae.

Ons kan geen anonieme Christene wees nie; ons moet van Jesus getuig, ons volg Hom nie ongesiens nie. Ons gewone dinge sal vir ander uitsonderlik wees.

Die onbekende skrywer rig sy brief aan 'n Griekse regeringsampptenaar, **Diognetus**. Hy beskryf die Christen se lewenshouding en -styl en wys hom op die feit dat Christene en nie-Christene in baie opsigte dieselfde dinge het in die gewone doen en late van 'n mens se lewe. Daar is geen verskil met betrekking tot dit wat gewoon en menslik is nie. Maar deugde soos vriendelikheid, eerlikheid, soberheid, beskeidenheid, ingetoënheid val op. Dikwels is dit egter so normaal dat die wêreld nie weet waarom so opgetree word nie.

Hy verduidelik verder: omrede ons 'n ander innerlike het deurdadig ons Christus volg, sal hierdie ander innerlike ook tot 'n ander uiterlike kom. Ons kan geen anonieme Christene wees nie; ons moet van Jesus getuig, ons volg Hom nie ongesiens nie. Ons "goeie werke" is 'n gevolg van ons bekering, en dit sal die wêreld aanspreek (1 Petr. 2:12; 3:16). Ons **gewone** dinge sal vir ander **uitsonderlik** wees.

In die tyd dat hierdie brief geskryf is, was die lewe van die Christene gevaarlik; veragting maar ook die dood was realiteit as die gelowiges hul geloof uitgeleef het.

Die omstandighede vir die Christene rondom 150 nC was nie baie gunstig nie. Alhoewel daar relatiewe vrede was en ekonomiese welvaart, was die fokus baie op patriotisme en die keiser is soos 'n god vereer. Die tweede opstand van die Jode in 132 nC (en die voorafgaande geskiedenis) het daartoe bygedra dat die Romeine en Grieke die Jode gehaat het. Die Christendom het vir die Grieke maar soos 'n Joodse geloofsvertakking gelyk en daarom is die Christene ook soos die (rebelse) Jode aangesien. Daar was sekere plekke waar die Jode en Christene verbied is om te woon (Rome, 67 nC) en ook swaar vervolgd is (Suid-Frankryk, 177 nC). Alhoewel die ergste vervolging van Christene na 165 nC plaasgevind het, is daar opgetekende gevalle van voor hierdie tyd: bv. Polikarpus wat gedood is in 155 nC (hy het geweier om Christus te vloek). Die lewe van die Christene in hierdie tyd was gevaarlik; veragting maar ook die dood was realiteit as die gelowiges hul geloof uitgeleef het. As dit nie die Jode was wat hulle vervolgd het nie, was dit die Grieke en Romeine. Desondanks weet ons dat die kerk gegroei het – genade van God.

Met hierdie agtergrond maak die volgende twee gedeeltes uit die brief aan Diognetus baie indruk op die gelowiges van vandag wat mismoedig is deur die omstandighede van vandag:

Hoe Christene lewe:

Christene verskil nie van ander mense ten opsigte van die plek waar hulle woon of hulle taal of gewoontes nie.

Hulle woon nie êrens anders of in hulle eie stede nie; hulle praat nie een of ander vreemde taal nie; hulle leef nie op 'n snaakse manier nie.

Dit wat hulle glo, is nie deur die intelligensie of verstand van mense uitgedink wat daarvan hou om nuwe goed uit te dink nie. Hulle hou hulle ook nie, soos sommige ander mense, besig met menslike leerstellings nie.

Hulle woon in Griekse en in nie-Griekse stede, soos dit beskik word; en wat klere en kos en ander dinge betref, het hulle dieselfde gewoontes as die mense wat daar woon. En tog is die manier waarop hulle lewe, wonderlik en eenvoudig buitengewoon! (Kyk Matt. 5:16; 1 Tess. 4:12; 1 Petr. 2:12, 3:1 en Tit. 2:5). Hulle woon in hulle eie vaderland, maar asof hulle buitelanders is. Soos goeie burgers neem hulle aan alles deel, en tog moet hulle baie swaarkry verduur asof hulle vreemdelinge is. Enige vreemde land kan hulle vaderland wees, en tog is enige vaderland vir hulle soos 'n vreemde land.

Hulle trou soos al die ander mense; hulle kry kinders, maar hulle raak nie van hulle kinders ontslae nie (verwys na die weggooi van kinders met gebreke deur die Grieke).

Hulle deel hulle kos met mekaar, maar nie hulle huweliksmaats nie.

Hulle leef tussen ander mense, maar hulle doen nie die slegte dinge wat mense gewoonlik doen nie.

Hulle woon op die aarde, maar hulle is eintlik burgers van die hemel.

Hulle kom die wette na wat hier op aarde ingestel is. In hulle eie lewens doen hulle selfs meer as wat die wette van hulle verwag.

Hulle is lief vir almal, en tog vervolgd almal hulle.

Mense ken hulle nie regtig nie, en tog word hulle veroordeel. Hulle word doodgemaak, en tog kry hulle die lewe.

Hulle is arm, en tog maak hulle baie mense ryk. Hulle kom alles kort, en tog het hulle 'n oorfloed van dit wat regtig saak maak.

Niemand eer hulle nie, en tog gee God aan hulle eer. Mense sê slegte dinge van hulle, en tog laat God aan hulle reg geskied.

Hulle word uitgeskel, en tog vra hulle vir God om goed te wees vir die mense wat hulle uitskel. Hulle word beledig, en tog het hulle eerbied vir die mense wat hulle beledig. Wanneer hulle goed doen, word hulle gestraf asof hulle kriminele is.

Wanneer hulle gestraf word, is hulle bly omdat hulle daardeur nuwe lewe kry.

Die Jode maak oorlog teen hulle asof hulle vreemdelinge is en die Grieke vervolg hulle, maar die mense wat hulle haat, kan nie 'n rede gee hoekom hulle so vyandig teenoor hulle is nie.

Die Christene en die wêreld:

Ons kan dit so stel: dit wat die siel vir die liggaam is, is die Christene vir die wêreld.

'n Mens se siel is orals in al die dele van jou liggaam. Net so is die Christene in al die stede van die wêreld.

'n Mens se siel woon in jou liggaam, maar dit is nie self liggaam nie. Net so woon die Christene in die wêreld, maar hulle is nie soos die wêreld nie.

'n Siel kan nie gesien word nie, maar dit word binne die liggaam bewaar. Net so weet almal dat die Christene in die wêreld is, maar hulle godsdiens kan nie gesien word nie.

Die siel het niks verkeerds aan die liggaam gedoen nie, maar die liggaam haat die siel en maak oorlog daarteen, omdat die liggaam verhoed word om sy slegte begeertes uit te voer. Dit is dieselfde met die Christene. Hulle het niks verkeerds gedoen nie, maar die wêreld haat hulle, omdat hulle hul verset teen die begeertes van die wêreld.

Die liggaam en al die ledemate haat die siel, maar die siel het hulle lief. Dit is dieselfde met die Christene. Die ander mense haat hulle, maar hulle is lief vir die mense wat hulle haat.

Die siel is binne-in die liggaam toegesluit, maar die siel hou die liggaam aan die gang. Net so is die Christene toegesluit in die wêreld asof dit 'n tronk is, maar hulle hou die wêreld aan die gang.

Die siel is onsterflik, maar dit woon in 'n sterflike blyplek. Net so woon die Christene tussen goed wat tot niet gaan, terwyl hulle wag vir dit wat in die hemel is en nooit tot niet gaan nie.

Wanneer 'n siel sleg behandel word en min kry om te eet en te drink, word dit beter. Dit is dieselfde met die Christene. Wanneer hulle gestraf word, word hulle meer.

Ja, God het vir die Christene 'n geweldig belangrike taak gegee. Hulle mag nie daarvoor 'nee' sê nie.

Die brief gelees teen bogenoemde agtergrond getuig van geloofsmoed. Die antitese tussen goed en kwaad, lig en duister, en tussen God en die duiwel word hier nie verdoes nie. Intendeel, deur die Christen se **gewone** optrede word die werking van die Gees en die liefde vir Christus baie duidelik. Christene kan ook vandag 'n voorbeeld neem aan hierdie amper twee eeue oue brief om deur 'n eenvoudige lewenstyl te getuig van hulle geloof in Christus.

Harry Pouwels, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata
(vertaling verkry van: <http://www.wendag.com/forum/showthread.php/297-Die-brief-aan-diognetus>)

Christus is ons Koning

Leer en lewe



Groepsbespreking tydens vrouesaamtrektdag

1. Christus is ons Koning

Wie is Christus?

Christus is met die Heilige Gees gesalf as ons Profeet, Priester en Koning.

Die naam "Christus" beteken "gesalfde". In die Ou Testament is 'n mens vir 'n spesiale taak gesalf, bv. 'n koning. Dit het 'n spesiale betekenis vir enige Israeliet gehad. Die salfolie was volgens 'n spesiale resep gemaak en is heilig genoem. Heilig soos... die Heilige Gees. Ja, die salfolie is die een simbool vir God die Heilige Gees. Jesus het die naam gekry:

Gesalfde, Messias. Hy is die Messias (Joh. 1:42; 4:25,26,42; 7:26) en in Mattheüs 16:20 sê Hy dit self aan sy dissipels.

Is Hy dan gesalf? Ja, Hy is met die Heilige Gees gesalf! Die Gees het soos 'n duif op Hom neergedaal. Die Gees het Hom oorspoel soos die Jordaanwater. Hy is gesalf as ons Profeet, Priester en Koning. Hy is deur God die Vader bestem en aangestel as ons Ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (Heidelbergse Kategismus Sondag 12, vraag en antwoord 31).

In Hebreërs 2:9 lees ons ook dat Hy vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is en dat Hy, vanweë die lyde van die dood, met heerlikheid en eer gekroon is, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.

In Jesaja 9:5 lees ons: Hy is Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers. Verder weet ons: Hy is Immanuel (Jes. 7:14; Matt. 1:23), God met ons.

Deur Hom het ons die Ewige Lewe (Joh. 11: 25,26). Hy het opgevaar na die hemel en sit nou aan die regterhand van God, waarvandaan Hy regeer (Matt. 16:19). Hy is Middelaar tussen ons en God (1 Tim. 2:5,6). Hy is die Seun van God, die Allerhoogste (Joh. 5:16-47; 11:27; Luk. 1:35). Hy is ons Here en Heiland.

2. Christus is ons Koning

Hy is, was en sal altyd Koning wees.

Die woordjie **is** dui op werklikheid, onveranderlikheid, dis nou, dis ewig (Jer. 10:10). Dis die karakter van God se beloftes, God se Woord – dit is ons belydenis. Christus IS Koning! Openbaring 11:17 – Hy is, was en sal altyd Koning wees.

3. Christus is ons Koning

Christus het God se koninkryk gebring.

Christus het God se koninkryk gebring. In Hom het God se koninkryk naby gekom en is sy heerskappy herstel.

Graag deel ek 'n **paar perspektiewe** i.v.m. die Koningskap van Christus.

3.1 Hy is uit die geslag van Dawid

Christus is gesalf as Koning. Hy kom uit “die Huis van Dawid” (Joh. 7:42). God se belofte aan Dawid was dat sy nageslag vir ewig oor een volk van God sou regeer. Die koning het groot mag gehad. Hy sou namens die Here regeer, hy moes reg spreek, hy moes die volk van God daaglik geestelik en fisies leiding gee. Die koningskap van Dawid was diens. Hy het egter die profesie gehad van die Vredevoers wat sou kom (Jes. 9:6). Die Gesalfde Seun sou kom. Jesus het werklik die styl van 'n koning gehad, maar dan 'n koning volgens God se wil.

Hy het liefde vir al sy mense gehad. Hy het God se liefde naby gebring. Hy het sy lewe vir sondaars gegee. Hy het sy en ons vyande bestry. Deur sy oorwinning oor die groot vyand, die satan, het Hy die Ewige lewe verkry. Hy het ook as eerste mens opgestaan en die ewige lewe ontvang. Toe kon Hy sê: “aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde” (Matt. 28:18). En: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” (Matt. 29:20). Dit is hoe ver sy Koningskap strek.

Ons mag glo dat Hy vanuit die hemel regeer. Net so werklik, net so liefdevol, net so met ons verbind as toe Hy op die aarde gewerk het. Nou mag u vra: maar wat is sy mag in die hemel? Wat was sy mag op die aarde? Dit was dat Hy met die Woord en die liefde van die Vader gekom het. Dit was dat Hy die Gees van geloof kon skenk. Hy is 'n Ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (Heidelbergse Kategismus Sondag 12, vraag en antwoord 31).

3.2 Hy vestig God se koninkryk

Hoe? Kyk na die gelykenisse wat handel oor die koninkryk van God. Hy vra GELOOF in Hom as die gestuurde van die Vader. In die paradys was alles goed. Toe vind die sondeval plaas – 'n opstand teen God. Christus herstel alles weer. Hy maak siekes gesond. Hy maak die storm stil. Dooies staan op.

3.3 Hy is Hoof van die skepping en dus ook Hoof van sy kerk (Kol 1,2)

Hy is die Koning van die konings! (Dan. 2:37; Openb. 17:14). 'n Koning is die hoof van 'n land, hy is die heerser, regeerder. Soos 'n vader 'n huis, so dra 'n koning die belange van sy volk, sy onderdane. Hy versorg hulle. 'n Goeie koning is regverdig. Hy vra eerbied van sy onderdane. Hy vra gehoorsaamheid,

getrouheid, samewerking – dit gee sin aan die lewe!
Hy vra dat sy Koninkryk gepropageer word.

4. Christus is ons Koning

Met Christus se Naam ontvang ons ook die Gees as Gawe.

4.1 Perspektief 1: Hy stry vir ons

1 Johannes 2 praat ook van ons salwing: “Julle het die salwing van die Heilige” (vs. 20). Dit is duidelik die Heilige Gees is volgens Christus se belofte uitgestort op almal wat in Hom glo. Dit is die bron van ons geloof. Dis ‘n krag oor jou, maar ook ‘n krag in jou. Jesus se werksnaam is dus Christus, die Gesalfde van God. Met Christus se Naam ontvang ons ook die Gees as Gawe en kry ons die naam Christene. Volgens die Heidelbergse Kategismus Sondag 12, vraag en antwoord 32 is dit duidelik: ons word Christene genoem – ons behoort aan Christus en Christus aan God (1 Kor. 3:23). Kinders van God, maar ook erfgename. Ons is “om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem” terwyl Christus die “ewige natuurlike Seun van God is” (Heidelbergse Kategismus Sondag 13, vraag en antwoord 33).

4.2 Perspektief 2: Ons is gesalf soos Christus

By die ontvangs van die Gees as Gawe deur Christus ontvang die Christen die gawe om
Getuie van Christus te wees
Toegewy aan Christus te wees
Magtig in Christus te wees

Ons gaan met Christus in die toekoms regeer. Nou kan ons reeds met ‘n vrye gewete teen die sonde en duisternis stry. Want ons is vrygespreek van die las van sonde en skuld. Ons is magtig in Christus in alle nederigheid. Ons kan lewe. Ons kan werk! Nog vrymoediger is dit as Johannes sê: “Ek skryf aan julle, jong manne en vroue, omdat julle die bese oorwin het... en omdat julle sterk is in die Woord van God wat in julle bly.” Is jy sterk? Ja, as die Woord in jou lewe, as jy Christus daagliks hoor praat.

Ons mag leef vry van die sondeskuld, want dis van ons weggeneem. Ons mag leef vanuit die oorwinning van Christus aan die kruis. Ons mag positief leef... ‘n oorwinningslewe. Ons het vryheid en blydschap!

4.3 Perspektief 3: Onderkonings van God! Verteenwoordigers! Beeld!

In Christus aanvaar ons hierdie verantwoordelikheid. Ons lewe en werk gelowig. Ons dien die Here met vrees (Ps. 2:11; Jer. 10:9). Ons roem en eer Hom (1 Tim. 1:17; Dan. 4:37). Uit dankbaarheid wys ons vir die wêreld ons Koning – vertel vir almal!
Volgens 1 Kronieke 16: 31 moet ons aan die volke vertel! Die goeie boodskap vertel, vrede laat hoor, goeie tyding bring! In die Naam van die Here Jesus mag jy leer hoe om oor die evangelie te praat. Jy wat jouself te jonk ag, mag reguit praat. Selfs jy wat dink dat jy te oud is om iets vir die Here te doen. Jy mag die woord van liefde en genade praat. Jy mag ook vertel van God se hand in jou lewe. Van God vandag in 2013!

Ons moet as onderdane van ons groot Koning ons profetiese, priesterlike en koninklike onderdanigheid uitleef en ons doen goeie dade – vertoon sy liefde aan ander! – die gemeenskap om ons!

Ons moet as onderdane van ons groot Koning ons profetiese, priesterlike en koninklike onderdanigheid uitleef en ons doen goeie dade – vertoon sy liefde aan ander! – die gemeenskap om ons! Ons leef God se liefdesgebod uit! (Joh. 15)

Ons het egter ook ‘n spesiale taak onder dié in nood – hulle in ouetehuse, siekes in hospitale, gestremdes, uitgehongerde en verarmde mense, mense sonder heenkome, mense met geestessiektes, mense in ons tyd wat moeg en moedeloos geword het.

Ons Koning gee ook opdragte en ons moet dit uitvoer in gehoorsaamheid en eerbied. Die sendingsopdrag in Mattheüs 28:19: “Gaan dan heen – maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.” Ons taak: Dra die Goeie Boodskap uit!

Ons kan nie anders nie, want die liefde van Christus dring ons (2 Kor. 5:14).

Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins (Fil. 1:21). Ek soek nie my eie belang nie, maar dié van die Koning (Fil. 2:21), ter wille van die werk van Christus (my Koning). Ek gee my alles. Onvoorwaardelik. Ek hou niks terug nie. Ek leef met oor-gawe vir my Koning! Ek moet ‘n aangename geur versprei, waar ek ook al gaan (2 Kor. 3:15).



Soos Daniël moet ons die Koning aanbid en voor Hom buig (Dan. 2:37). Ons moet psalmsing tot sy eer (Ps. 47:2,7).

Marietjie Breytenbach, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Bethal (referaat wat sy gehou het op die Vrouesaamtrekdrag op 11 Mei 2013 te Pretoria)

Me Marietjie Breytenbach en me Carolien Agema

U kan in Kompas klein advertensies plaas. Enkel plasing: gratis. Meerdere plasinge: R10 elk (die eerste een is nog steeds gratis). Groter advertensies: tariewe op aanvraag beskikbaar. Kontak die administrasie: kompas.admin@vgk.org.za

Die nasionale ontwikkelingsplan

In Pers-pektief

Ons politieke betrokkenheid

Dis goed om te besin oor ons taak as Christen in 'n on-Christelike samelewing.



Sedert die nuwe politieke bedeling, waar ander bevolkingsgroepe nou die politieke diens uitmaak, het baie van ons die neiging om terug te trek of defensief te raak. Wat ons sê of skryf, bereik tog nie die beleidmakers of die bewindvoerders, of het nie 'n impak nie. Ons aksies, indien enige, is dan slegs gerig op die verdediging van dit wat vir ons kosbaar is, teen die politieke druk van die dag in. Dan is dit goed om weer te besin oor ons taak as Christen in 'n on-Christelike samelewing.

Ons posisie kan op 'n manier vergelyk word met dié van die

Joodse ballinge in Babilonië. Nadat die Judese koninkryk deur Nebukadnesar verower is, is die bevolking weggevoer as ballinge na die vreemde Babilonië. Hoe het hulle hul lewe as gelowiges in die vreemde samelewing daar vorm gegee? Ons weet van die leiers soos Daniël en sy vriende. Sonder skroom en huiwering was hulle getrou aan hul geloof, tot aan die terdood-veroordeling, waarvan God hulle wonderbaarlik gered het. Maar wat van die gewone volk? In opdrag van die Here het die profeet Jeremia vir hulle 'n brief geskrywe met instruksies wat om te doen nou dat hulle hul vaderland verloor het. Hierdie brief staan opgeteken in Jeremia 29.

Die opdrag wat die Here aan die ballinge gee (in Jer. 29:5-7), is: bou huise, bewerk die grond, trou en vermeerder, soek die vrede vir die stad waarin jy woon en bid vir haar tot die Here, want "in haar vrede sal jou vrede wees". Die ballinge moet dus werk aan en bid vir vrede in die heidense


samelewing, sodat almal in vrede sal leef. 'n Paar honderd jaar later gee Paulus aan Timoteüs 'n soortgelyke opdrag (in 1 Tim. 2:1-2) vir die gelowiges in Efese, in die heidense Romeinse ryk: doen smekings, gebede, voorbedes en bring dank aan God vir alle mense en hulle regeerders, vir die hele samelewing, "sodat ons 'n stil en geruste lewe mag lei, in alle godsvrug en waardigheid", 'n lewe in vrede.

Hieruit blyk dus dat gelowiges aktief moet wees, ook in die bevordering (soek, werk en bid) van vrede in die samelewing. En hierdie opdrag geld ook vir gelowiges in Suid-Afrika: bid en werk vir vrede vir die samelewing.

Die Nasionale Beplanningskommissie

President Zuma het in 2010 die Nasionale Beplanningskommissie (die NPC) aangestel om planne uit te werk vir vrede en welvaart vir die toekomstige Suid-Afrika. Die vrede en welvaart vir alle bewoners moet bereik word deur verbe-

tering van die lewenstandaard van die armes, deur die terugdring van armoede en ongelykhede in die samelewing, en deur die bevordering van die ekonomie van die land. Na drie jaar se harde werk het die NPC, onder voorsitterskap van minister Trevor Manuel, 'n aantal verslae geproduseer. Die eerste verslag is van 11 November 2011, onder die titel: "National Development Plan – Vision for 2030". Die tweede verslag is 'n samevatting van die oorwegings en aksies wat aanbeveel word, onder die titel: "National Development Plan – Our future: make it work – Executive Summary". Hierdie verslag lys die visie, die ideale toestande en strukture van die Suid-Afrikaanse samelewing wat beoog word vir die jaar 2030: "Now in 2030 we live in a country which we have remade".



Uit die National Development Plan (NDP)-verslae van die NPC blyk dit dat die kommissie harde werk gedoen het en vanuit die regering se ideale probeer het om die pad uit te stippel wat die komende jare tot 2030 geloop moet word. Die kommissie was saamgestel uit 26 verteenwoordigers van die breë samelewing, dus nie net uit

politici nie, maar ook uit besigheidsmense, leiers uit die sosiale strukture van die samelewing en selfs 'n waterboukundige ingenieur. Die bevolking is ook taamlik wyd geraadpleeg oor hulle wense, verlangens en behoeftes. Die NPC se verslag is aanvaar op die ANC- kongres van Desember 2012 in Mangaung as die pad na die toekoms. Daar is ook besluit dat die vyfjaar-planne van die staatsdepartemente moet aandui hoe hulle inpas by hierdie NDP-raamwerk.

NDP-doelstellings

Die NPC/NDP sien armoede, ongelykhede en werkloosheid as die grond-oorsake van die probleme in ons huidige samelewing. Om dit aan te spreek, word die volgende ideale en doelstellings geformuleer vir 2030:

- Openbare dienste is van hoë gehalte
- Daar is goeie klinieke en hospitale
- Medisyne is bekostigbaar en doeltreffend
- Daar funksioneer goeie skole en onderwysers
- Polisdienste is doeltreffend en elke plek is veilig
- Almal werk hard, verdien 'n leefbare salaris, het 'n goeie opleiding, is nederig en skerp verantwoordelikheid vir hul eie ontwikkeling
- Die samelewing is multi-kultureel, maar ons is een nasie wat bymekaar behoort en vir mekaar sorg.

Die NPC sien die owerheid as mense vir wie ons, as bevolking, die voorreg gegee het om die land te bestuur. Dit moet hulle dan ook doen namens die bevolking en tot voordeel van alle mense in die

land. Die owerheid moet doeltreffend werk aan die groei van die ekonomie, werksgeleentheid en produktiwiteit. Dit moet bevorder word deur goeie en gerigte (vak-) onderwys, opleiding en navorsing en 'n toename in swart eienaarskap ("deracialised ownership") van industrieë, besighede en plase. Openbare vervoer moet verbeter en uitgebrei word. Die owerheid moet publieke werksgeleentheid- programme optrek waar 1 miljoen nuwe werksgeleentheid geskep is in die jaar 2015 en 2 miljoen in die jaar 2020. Daar moet 5 miljoen nuwe werksgeleentheid in die ekonomie wees teen 2020 en 11 miljoen teen 2030 (in aanvulling op die huidige 13 miljoen werksgeleentheid).

Vir die uitvoering van hierdie grootse visie en planne moet die owerheid sterk en verenigende leierskap ontwikkel en moet die samelewing gemobiliseer word binne 'n breë sosiale verdrag om armoede en ongelykhede uit te wis.


Die NPC erken dat daar op die oomblik baie belemmerings is om hierdie planne uit te voer, soos swak owerheidsadministrasie, kapasiteit en stelsels, wydverspreide korrupsie, politieke inmenging wat onvanpas is, swak onderwys, onbekwame en ongemotiveerde onderwysers, onbekwame skoolhoofde en duur ICT-infrastruktuur. Verder stel hulle, ook vir die NDP, dat 'n plan slegs geloofwaardig is as sy uitset-meganisme ("delivery") lewensvatbaar is. Hulle erken dat dit "baksteen vir baksteen" opgebou moet word. Dit sal inspanning en toewyding vra, veral wat betref die uitroei van korrupsie en die opbou van die onderwys.



Kommentaar

Die uitgangspunt (“ons sal die land herskep”) maak geen melding van Goddelike hulp en seën, wat onmisbaar is vir menseplanne, nie. Ons moet bid en werk vir die opbou van ’n beter Suid-Afrika vir al sy bewoners. Dan kan ons vertrou dat die Here sy vrede sal gee in die land.

Die bekende Clem Sunter het in *News24* van 11 Maart 2013 verslag gedoen van sy bevindinge oor die NDP, na ’n bespreking daarvan in Sandton op 8 Maart. Ondanks ’n hele aantal vrae wat by hom oorgebly het, was hy tog geesdriftig oor die planne wat die NPC in kaart gebring het. Sy probleme betref o.a. die gebrek aan publisiteit vir die planne en aan geesdrif by die laer amptenare en ANC- kaders. As die bevolking moet begin deelneem aan die uitvoering van die planne, moet daar ’n “publisiteits-blitz” gevoer word om die planne te verduidelik. Verder moet daar volgens hom so gou moontlik begin word met ’n paar eenvoudige eerste uitdagings om te wys dat daar erns is met die realisering van die planne.



Sunter verwag teenkanting van die vakbonde, omdat hulle basis na verwagting verswak sal word deur ’n groter aantal kleiner bedrywe. Hy wys ook op die ondeursigtige owerheidsburokrasie wat opkomende kleinsake belemmer en die gebrek aan regeringsondersteuning van opkomende swart boere. Dit belemmer die realisering van die NDP-planne. Die sake- en nywerheid-sektor moet sterker betrek word by die uitvoering van die planne, bv. deur ’n “Ekonomiese Codesa”. As die owerheid nie die inisiatief neem nie, sou die sake- en nywerheid-sektor dit self kon aanpak. Want hierdie planne gee, volgens Sunter, hoop vir die land en maak hom geesdriftig.

Van ons kant kan ons byvoeg dat ons in die huidige bestel geen Christelike uitgangspunte, beplanning en uitvoering van ontwikkelings kan verwag nie. Die uitgangspunt (“ons sal die land herskep”) maak geen melding van Goddelike hulp en seën, wat onmisbaar is vir menseplanne, nie. Daar ontbreek ’n geestelike basis en besieling en daar word slegs staatsgemaak op die sosiale welwillendheid van al die rolspelers. Dit lyk baie na die sosiale planne wat orals in die wêreld opgetrek is en word, en wat na verloop

van tyd vergeet is (soos ons eie ou “Reconstruction and Development Plan (RDP) van 1994, wat gefaal het as gevolg van die oorskatting van die kapasiteit van die owerheid).

Dit is noodsaaklik dat die hele Suid-Afrikaanse

samelewing sosiaal en ekonomies opgebou word en dat nie berus word in die huidige groot vlakke van armoede en werkloosheid nie. Dit vorm inderdaad ’n plofbare basis vir onvrede en onrus en moet ontloft word. As ons as Christene bid en werk vir vrede in ons land, sal ons ook aan die NDP ons ondersteuning en samewerking kan gee as dit op ons pad lê of kom. Die doelstellings soos deur die NPC geformuleer en hierbo aangehaal, kan ons beslis onderskryf. Dit sal geen paradys op aarde bring nie, maar dalk wel ’n mensliker en meer geordende samelewing in ons land.

Ons moet nie volstaan met pesimisme of negatiewe kritiek oor wat tog nie sal werk nie of oor wat nie goed of volmaak is nie. Ons kan wel positiewe kritiek uitoefen oor hoe die land verder moet ontwikkel, maar die beste is om, waar ons kan, saam te werk in die opbou van ’n beter Suid-Afrika vir al sy bewoners. As ons so bid en werk, sal ons kan vertrou dat die Here ook sy vrede sal gee in die land en dat ons as gelowiges ’n stil en geruste lewe sal kan lei.

Hans Moes, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad

Opvolgreaksie en repliek op Sosiale Kruispunt

In Pers-pektief

In die Desember 2012/Januarie 2013-uitgawe het br Hans Moes 'n artikel geskryf met die naam "Sosiale kruispunt". Mnr JC Klok het in die Maart 2013-uitgawe op hierdie artikel reageer. In dieselfde uitgawe was daar 'n repliek van br Moes op hierdie reaksie. Mnr Klok het weer hierop reageer; die brief volg hieronder.

Geagte prof Boon en br Moes

Die rede waarom ek oorspronklik op die artikel reageer het, was hoofsaaklik om die verwarring wat onder baie mense bestaan en wat deur baie gewetenlose mense uitgebuit (kan) word, te weerlê.

Dit is verblydend dat br Moes toegee dat sy oorspronklike bydrae "*slegs vanuit beperkte kennis en ervaring en verhale van my plaasarbeider-oupa en boeke soos 'Kinderen in verstand en boosheid' van P Keuning*" geskryf is. Dit toon ook insig van sy kant dat hy sou wou sien dat *Kompas* in die toekoms 'n volledige artikel publiseer van 'n deskundige op die gebied van Christelike arbeid-verhoudings. Ek sou dit graag ondersteun.

Br Moes het in sy reaksie op my kommentaar sekere stellings gemaak wat verdere ondersoek verg. Hy noem dat wat die uiterstes van ekonomiese sienings betref, ons **kommunisme** aan die een kant het en die **vryemark-ekonomie** aan die ander kant. Dan verdeel hy die vryemark-stelsel in 'n **kapitalistiese** en ook 'n **sosialistiese vryemark-stelsel**. Br Moes is ook van mening dat vir Christene die sosiale vryemark-stelsel die beste benadering is en motiveer sy aanbeveling met die kultuuropdrag van God (Gen. 1:27,28) asook die aanhaling uit Lukas 10:7 en 1 Timotheüs 5:18. Ons moet egter ook nie vergeet van Genesis 3:19 nie, asook uitsprake dat 'n mens moet werk sodat jy jou gesin kan onderhou en ook iets kan oorbê vir die armes.

Die oorspronklike artikel is geskryf na aanleiding van die staking van plaasarbeiders in die De Doorns-gebied, oënskylik oor die lae lone van R69 per dag wat aan seisoenarbeiders betaal word. In die media is groot gewag gemaak van hierdie hongerloon en die gevolglike uitbuiting van die arbeiders. Die werkgewers is verantwoordelik gehou en uitgemaak as die skurke in die verhaal. Die feit dat die R69 per dag as minimum loon 'n sektorale vasstelling

deur die Minister van Arbeid is, ná onderhandeling volgens die voorgeskrewe wetgewing tussen werkgewers en werknemers-organisasies asook amp-tenare van die Departement van Arbeid, is stilletjies onder die tafel ingevee. Tydens daardie onderhandelings word ander voordele wat arbeiders gratis ontvang, ook in berekening gebring, byvoorbeeld huisvesting, etes wat voorsien word, gratis krag en water, mediese versorging en vervoer.

Die ekonomie is deel van die skepping en werk, net soos die natuur, volgens wette deur die Skepper daargestel, byvoorbeeld die wet van swaartekrag. Hierdie wette is onveranderlik en die mens kan dit nie verander nie. Enige poging om dit te probeer omseil, loop gewoonlik op rampspoed uit. Tog probeer baie mense om ekonomiese wette te omseil en ons kan die gevolge daarvan daagliks rondom ons sien.

Die eerste ekonomiese wet is dat vraag en aanbod prys bepaal. Enige inmenging met hierdie wet het gewoonlik rampspoedige gevolge. 'n Baie populêre vorm van inmenging in hierdie wet is die gebruik van subsidies, byvoorbeeld vir voedsel en behuising. Wat egter uit die oog verloor word, is dat 'n subsidie op een produk of diens om dit goedkoper vir die verbruiker te maak, verhaal moet word deur ander produkte en/of dienste duurder te maak. Subsidies moedig die aanvraag van dienste en produkte wat duur is, aan deur dit goedkoper te maak en dit verlaag die aanvraag na ander produkte, omdat hulle duurder moet word om die koste van die subsidies te verhaal. Dit verwring die kostestruktuur en jaag uiteindelik pryse op. Loonsubsidies het presies dieselfde gevolge – dit verhoog die koste van arbeid, wat veroorsaak dat die vraag daarna daal. Werkgewers soek dan na alternatiewe, soos byvoorbeeld groter meganisasie en outomatisasie. Nog 'n ekonomiese (natuur) wet is dat jy nie meer uit 'n stelsel kan haal as wat jy insit nie. Dit is gevolglik net nie volhoubaar dat 'n werkgewer sy werknemers meer kan betaal as wat hulle arbeid tot die waarde van die onderneming bydra nie.

Dit is verbasend dat u verwys na 'n sosialistiese vryemark-stelsel. In werklikheid is sosialisme en die vryemark-stelsel onversoembare begrippe. Sosialisme is 'n ekonomiese en politieke stelsel waarin die eie-

naarskap (besitreg) van alle produksiemiddele deur die gemeenskap voorgestaan word en die bestuur daarvan deur die Staat gedoen moet word tot voordeel van almal. Dit klink op die oog af wonderlik, maar beteken dat die individuele verantwoordelikheid van persone vir hulle besluite en optredes, veral wat arbeid en vergoeding betref, weggeneem word, met die gevolg dat die motivering om jou eie omstandighede te verbeter deur beter opleiding, deur harder en slimmer te werk en dan ook die vrugte van jou moeite en insig te pluk, verlore gaan. Sosialisme is in wese 'n stelsel wat hom daarvoor beywer dat almal gelyk moet wees. Dit het 'n slagspreuk: "Elkeen moet tot die ekonomie bydra volgens sy vermoë en daaruit neem na gelang van sy behoefte". Nou weet ons ook dat die oorgrote meerderheid mense se "behoefte" die meeste van die tyd hulle vermoëns (inkomste) oorskry en daarom moet ons oordeelkundig met ons geld werk. Onder sosialisme is almal nie ewe ryk nie, maar ewe arm.

Wat vir my baie interessant is, is die gelykenis in Mattheüs 20 van die arbeiders wat op verskillende tye gehuur is. Ek sou graag u kommentaar wou hoor of u hierdie gelykenis dieselfde as ek verstaan. Op die oog af lyk dit of die eerste gehuurde arbeiders te min betaal is in vergelyking met die laaste gehuurdes, want almal het een penning ontvang. In vers 2 staan daar egter dat **die huisheer met die arbeiders ooreengekom het vir 'n penning op 'n dag.** 'n Mens kan ook aflei dat, soos die tyd aangestap het en dit duidelik geword het dat die werk nie betyds sou klaarkom nie, die vraag na arbeid toegeneem het, wat gevolglik die prys daarvan opgestoot het – korter ure vir dieselfde vergoeding. Nêrens in die gelykenis staan daar egter dat die huisheer die behoeftes van die arbeiders se huislike omstandighede in ag geneem het by die bepaling van hulle loon nie.

Ons het die eienaardige situasie in Suid-Afrika waar die arbeidswetgewing geweldig baie beskerming aan werknemers gee, maar werkgewers as die vyand van werknemers beskou en behandel word. En tog kan daar

nie werknemers sonder werkgewers wees nie. Persoonlik is ek van mening dat wat die essensie van 'n Christelike beskouing van werknemer/werkgewer-verhoudinge betref, vergoeding bepaal moet word volgens die beginsel dat dit die waarde wat die werknemer aan sy werkgewer se onderneming toevoeg, moet weerspieël.

Ek gaan akkoord met u opmerkings ten opsigte van die vakbonde, vertrouwe tussen werknemer en werkgewer, ensovoorts.

Ek wil graag afsluit met 'n aanhaling van wyle dr Adrian Rogers (1931-2005), Amerikaanse ekonoom en filosoof:



Dr Adrian Rogers

You cannot legislate the poor into (economic) freedom by legislating the wealthy out of freedom.

What one person receives without working for another person must work for without receiving.

The government cannot give to anybody anything that the government does not first take from somebody else.

When half the people get the idea that they do not have to work because the other half is going to take care of them, and when the other half gets the idea that it does no good to work because somebody else is going to get what they work for, that, my dear friend, is about the end of any nation.

You cannot multiply wealth by dividing it.

Vriendelike groete
JC Klok

Werk die ekonomie volgens meganistiese natuurwette?

Die redaksie het my gevra om op die bydrae van br Klok te reageer. Klok stel 'n paar sake aan die orde rakende die funksionering van die ekonomie. Opsommend lys ek 'n aantal aspekte van algemeen na spesifiek.

1. Klok beskou die ekonomie as deel van die skepping wat net soos die natuur werk volgens wette deur die Skepper daargestel, byvoorbeeld die wet van swaartekrag. Hierdie wette is onveranderlik. Enige

poging om dit te probeer omseil, loop gewoonlik op ramspoed uit. Meer spesifiek beskou Klok die vryemark-stelsel as 'n Godgegewe stelsel. Klok interpreteer die gelykenis van die arbeiders op verskillende tye gehuur ook binne hierdie raamwerk. Omdat die vraag na arbeid toeneem soos die dag vorder, styg die prys van arbeid. Moderne ekonomiese insigte werp nuwe lig op ou ekonomiese verskynsels.

2. Klok vra verder of dit waar is dat vir Christene die sosiale vryemark-stelsel die beste benadering is. Klok verwys ook na die onversoenbaarheid van die beginsels van sosialisme en kapitalisme.

3. Die oorspronklike artikel is geskryf na aanleiding van die staking van plaaswerkers in die De Doorns-gebied, oënskynlik oor die lae lone wat aan seisoenwerkers betaal word. In die media is groot gewag gemaak van die uitbuiting van werkers. Die werkgewers is uitgemaak as die skurke in die verhaal.

Vryemark-stelsel?

Eerstens wil ek my beperkings op die tafel sit. Ek was voorheen betrokke by die kwantitatiewe ekonomie (ekonometrie). Ekonometrie het te make met die skatting van ekonomiese modelle. Ek beskou myself nie as 'n deskundige op die gebied van arbeidsverhoudings nie, en ook nie 'n kenner van ekonomiese stelsels nie, wat die meer filosofiese aspekte hanteer wat met hierdie saak gemoeid gaan.

Ek gee, soos Klok, sonder meer voorkeur aan die vryemark-stelsel. Dit werk effektief en gee baie ruimte aan menslike vryheid. Maar ek dink nie dit is 'n Godgegewe stelsel wat bo alle kritiek verhewe is nie. Ek huiwer om die uitkomst van die vryemark-stelsel as normatief te beskou. Daar is naamlik baie denkers wat dit wel in die verlede gedoen het. My standpunt is dat die norme van die Skrif belangriker is as die uitkomst van 'n menslike denkstelsel – hoe nuttig dié ook mag wees. My argumente fokus op twee aspekte, naamlik: (1) die aard van die ekonomie en (2) die aard van menslike denke oor die ekonomie.

Menslike gedrag

Die ekonomie het primêr te make met menslike gedrag. Die ekonomie bestudeer mense se omgang met stoflike goedere, met name hoe produksie en distribusie georganiseer is en die rol wat institusies (bv. markte) daarin speel. Handboeke oor ekonomie beskryf die ekonomiese probleem as een van 'n skaarsheid van ekonomiese middele versus die onbeperktheid van menslike behoeftes. Hierdie aspekte is belangrik binne 'n moderne ekonomie. Ons is nie selfonderhoudend soos ons voorgeslagte nie. Binne 'n moderne ekonomie is produksie baie effektief georganiseer en bestaan daar 'n groot mate van arbeidspesialisasie. Dit beteken dat mense effektief moet saamwerk. Die markmeganisme speel hierin 'n belangrike rol. Enige steuring in koördinasie kan groot negatiewe impakte op die ekonomie hê. Dink maar aan stakings, aan probleme binne die finansiële stelsel, aan hoë inflasie, of aan ekonomiese reses-

sies. Opsommend: Die ekonomie is primêr gemoeid met menslike gedrag wat in verband staan met die produksie en verbruik van goedere en dienste. Maar omdat dit oor menslike gedrag gaan, beteken dit dat die Bybelse norme vir menslike gedrag ook op die ekonomie van toepassing is. Dit beteken, in die konteks van die eerste tafel van die wet, dat ons God erken as die Eienaar en oorsprong van alle ekonomiese goedere. Wat die tweede tafel van die wet betref, moet ons gedrag gelei word deur die wet van die naasteliefde. Ons moet in die ekonomie let op etiese beginsels.

Afgesien van die tien gebooue wat op ekonomiese gedrag betrekking het, sê die Bybel ook meer oor die ekonomie. Ons lees dat, na die sondeval, die aarde dorings en distels sal voortbring. In die paradys was daar geen skaarsheid in ekonomiese sin nie, en arbeid was slegs vreugde. Maar vandag is produksie nie sonder moeite en inspanning nie. Daar is verder baie gedeeltes wat verwys na die slegtheid van mense wat enige utopiese droombeelde oor die ekonomie die nek inslaan. Verder gee die Bybel 'n perspektief oor die belangrikheid van ekonomiese aktiwiteit. Nadat die Prediker alles in die lewe aangepak (groot ekonomiese werke) en ervaar het, is sy gevolgtrekking: "Toe het ek gekyk na al my werke wat my hande tot stand gebring het, en al die moeitevolle arbeid wat ek verrig het – en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind, en daar was geen voordeel onder die son nie".


Menslike denke oor die ekonomie

Ek is versigtig om die idee van meganistiese ekonomiese wette sonder meer te aanvaar. Die rede is dat die studie van ekonomie nie waardevry is nie. In die ekonomie onderskei ons tussen verskillende ekonomiese denkskole. Wat die hedendaagse ekonomiese probleme betref is daar 'n hele paar: Vryemark, Neo-Klassiek, Keynesiaans, Monetaristies, Marxisties, en nog meer. Elk van hierdie denkskole gaan uit van verskillende beginsels, en aanvaar dikwels 'n eie stel van oorsaak-gevolg verwantskappe – oftewel ekonomiese wette. 'n Ekstreme voorbeeld is die Marxisme wat foutiewelik die verloop van die klassestryd voorgedou het as 'n onvermydelike natuurwet.

Wat ekonomiese kennis in die algemeen betref, skryf DK Foley (2006) in sy boek: *Adam's Fallacy: We have as a resource a considerable body of knowledge which the great economists have created. This knowledge is value laden, theological as much as scientific, and full of unresolved ambivalence, but it is knowledge.*

Die mens het eers in onlangse tye die ekonomie as

studieveld ontdek. In die algemeen word Adam Smith beskou as die vader van die moderne ekonomie. In 1776 verskyn sy boek: ***Inquiry into the Nature and Causes of the Wealth of Nations***. Adam Smith het gefokus op die rol van die markmeganisme in die opkomende mark-kapitalisme. Smith het die vryemark ontdek en sistematies die werking daarvan ontleed. Volgens Smith is die ekonomie selfregulerend. Smith se filosofiese uitgangspunt was dat God Hom nie aktief met die wêreld bemoei nie: God skep natuurwette (ook ekonomiese wette) en die wêreld gaan daarvolgens sy eie gang. Smith is bekend vir sy siening oor die *laissez-faire* (laat-maar-loop) kapitalisme. Smith se siening was dat, alhoewel individue optree uit eiebelang, dit tog lei tot 'n bevordering van die algemene belang deur die sogenaamde “invisible hand”-meganisme.



In meer moderne taal kan ons sê Smith het gebruik gemaak van die vryemark-denkraamwerk – ook 'n paradigma genoem – om sy denke te orden. Hierdie paradigma hou in die keuse van die probleem-situasie, die seleksie van sekere kernverskynsels en die gebruik van sekere metodes. In die algemeen is in die ekonomie die gebruik

van wiskundige modelle baie gewild. Maar die paradigma bepaal hoe en watter feite waargeneem word, en hoe dit geïnterpreteer word. Die keuse van die paradigma gaan die proses van waarneming en die afleiding van ekonomiese wette vooraf.

Wat vir Adam Smith geld, is ook van toepassing op die ekonomiese denkskole wat daarop gevolg het. Die Neo-klassieke denkskool byvoorbeeld het prysvorming aan die hand van vraag en aanbod ontdek. Ek vind baie van die idees waardevol en nuttig. Ek verwerp daarom ook nie alles wat as ekonomiese kennis aangebied word nie. 'n Hoër minimum loon, byvoorbeeld, het meestal die onbedoelde gevolg dat minder mense in diens geneem word. Maar selfs dit is nie 'n rigiede wet nie. In die praktyk is dit meestal die geval. In 'n teoretiese geval waar 'n werkgewer se begrotings dit wel toelaat om hulle meer te betaal, sal die hoër lone nie noodwendig tot laer indiensname lei nie. 'n Verskil tussen fisiese en ekonomiese wette is dat fisiese wette op meganistiese wyse almal op presies

dieselfde manier beïnvloed. Ekonomiese wette is eerder algemene tendense. 'n Individue het steeds 'n mate van vryheid en hoef nie op te tree soos die meerderheid nie.

Watter vertrouwe kan 'n mens in die werking van die mark hê? Markte is menslike organisasie-vorms en dinge kan verkeerd loop. Dink aan die 2007 krisis in finansiële markte. Finansiële instrumente wat op die markte verhandel is, is onvoldoende getoets vir kwaliteit. Mandjies “vrot perskes” is verhandel asof dit AAA+-graad was. Baie min ekonome het vooraf besef dat dit tot ernstige probleme sou lei. Toesighoudende instansies het verkeerdelik geglo dat die vrye mark voldoende waarborge bied vir 'n goeie funksionering van die stelsel. Mense kan markte mislei en verkeerdelik gebruik. Die werking van markte word versteur as almal hulle nie aan die reëls van die spel hou nie.

Is ek besig om die muggie van Klok met 'n kanon dood te skiet? Moontlik wel. Maar die punt is dat ekonomiese wette nie fisiese wette is nie. In die praktyk vind 'n mens dikwels dat persone hulle skaar by 'n sekere denkskool – soms uit eiebelang en soms omdat die beginsels daarvan aansluit by die eie denke. Ek illustreer dit aan die hand van 'n beskrywing van Thatcher (1925-2013) se impak op die Engelse ekonomie.

Mrs Thatcher's prescription for change was based on the ideas of the conservative economists Friedrich von Hayek and Milton Friedman. Hayek believed that political and economic freedom were inseparable; Friedman argued that economic productivity and inflation were determined by the amount of money the government put into the economy, and that the heavy government spending advocated by Keynesian economics distorted the natural strength of the marketplace.

But by the time she left office, the principles known as Thatcherism – the belief that economic freedom and individual liberty are interdependent, that personal responsibility and hard work are the only ways to national prosperity, and that the free-market democracies must stand firm against aggression – had won many disciples. Even some of her strongest critics accorded her a grudging respect.

At home, Mrs Thatcher's political successes were decisive. She broke the power of the labour unions and forced the Labour Party to abandon its commitment to nationalized industry, redefine the role of the welfare state and accept the importance of the free market.

Gevolgtrekkings

Nou kan ons die stellings aan die begin van die artikel meer spesifiek beantwoord.

1. In die ekonomie handel dit primêr oor menslike gedrag. En norme vir menslike gedrag is duidelik in die Skrif verwoord. Dit geld vir beide werkgewer en werknemer.
2. Ekonomiese denkstelsels kan waardevolle insigte oplewer, maar het ook hulle beperkings. Hulle is ideologies gekleurd. Daarom is ek versigtig om in die algemeen al te maklik ekonomiese wette daarmee te assosieer.
3. In die meeste lande lei die bestaan van verskillende ekonomiese denkskole tot 'n mengsel van vrye ondernemerskap en owerheids-inmenging in die ekonomie. Meestal word produksie grootliks in die hande gelaat van vrye ondernemerskap eenvoudig omdat dit baie meer effektief is. Owerheids-inmenging is tipies gerig op diegene wat uitgesluit is van die stelsel van vrye ondernemerskap. Denkskole verskil beide oor die beginsel van elk hiervan (daar is bv. diegene wat glo dat enige owerheids-inmenging teen-produktief is) en oor die mate van elk daarvan. Bv. in Nederland is daar 'n omvattende (en duur) sosiale sekerheidstelsel. Maar die koste daarvan word gedra deur die hoogs suksesvolle stelsel van vrye ondernemerskap. In Suid-Afrika is so 'n omvattende sosiale sekerheidstelsel onbekostigbaar.
4. Ek dink nie dit is moontlik om die heersende stelsel in Suid-Afrika wesentlik oor die korttermyn te verander nie. Die oplossing van Suid-Afrika

se arbeidsprobleme lê in die toepassing van langtermyn maatreëls, met name in beter skoling en opleiding. En ons moet intussen probeer om verstandig op te tree. Ons moet aanvaar dat ondernemers insette kies op basis van koste. As dit goedkoper word om masjiene te gebruik as arbeid, dan moet ons rekening daarmee hou dat 'n hoër minimum loon noodwendig beteken dat werkers afgedank gaan word.

5. In die staking by de Doorns het ideologies gedrewe groepe teenoor mekaar te staan gekom. Ons sal nooit hul onderliggende uitgangspunte met mekaar kan versoen nie. Die naaste wat ons aan 'n werklike oplossing kan kom, is as beide Christelike uitgangspunte aanvaar. Dit is as werkers nie net uit eiebelang optree nie, maar ook erken dat ondernemers 'n waardevolle funksie vervul. En ondernemers moet hul werkers goed en menslik behandel.

Moenie te veel op ekonome en hul denkskemas vertrou nie. Filosofe en teoloë het dikwels 'n beter begrip van die beperkings daarvan. Dr Adrian Rogers (1931-2005) waarna Klok verwys, was so iemand. Hy was 'n Baptiste pastoor en 'n konserwatiewe skrywer, en nie 'n ekonoom nie.

Harry Bijker, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria



450 JAAR HEIDELBERGSE KATEGISMUS
 'N GESPREK OOR DIE KATEGISMUS TOT VERSTERKING VAN DIE GELOOF

Datum: DV Maandag 17 Junie 2013
 Plek: GK Bellville, Broadwaystraat 6, Vredelust, Bellville, 7530
 Tyd: 17:00 tot 21:30 (aandete en verversings)
 Toegang: deurkollêkte; ete moet vooraf bespreek word @ R25

Sprekers: Dr. Victor E. d'Assonville
 Dr. Lourens Erasmus
 Dr. Gerard Meijer
 Ds. Erik van Alten

Gespreksleier: Ds. Coen Vrey

Vir bespreking van ete: 021 911 5419 of cca.vrey@telkomsa.net
 Vir algemene navrae: 012 332 1196 of gerardjmeijer@gmail.com

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel: 012 332 0127
Faks: 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo (tel: 012 335 9134)

Redaksie:

Douwe Drijfhout (eindredakteur)
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Bladuitleg:

Ilze van Houwelingen

Taalversorging:

Magriet de Mooij en Marijna Bijker

Webmeester:

Willemien Kleijn

Redaksieadres:

19de Laan 560,
Rietfontein, 0084
E-pos: kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Kompas, Capitec Rietfontein
Takkode: 47 00 10
Rek nr: 132 884 5972
Tjeks moet asb. uitgemaak aan L.
Ros. Onthou asb. om u lidnommer
waar moontlik te gebruik by betalings.
Betaalbaar voor/op 28 Feb 2013 asb.

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos: R60
RSA per hand: R120
RSA per pos: R160
Buiteland per e-pos: €10
Buiteland per seepos: €30
Buiteland per lugpos: €40

<http://kompas.vgk.org.za/>

Intekening moet asseblief skriftelik
gekanselleer word. Kompas is nie
aan kopiereg onderhewig nie.

Boekenuus

Die meeste van ons het Bybels (in die meervoud) op ons rak. Ons praat hier van 'n wye verskeidenheid – verskillende vertalings, groottes, tale, met verklarings, en nog meer.



Bevoorreg? Definitief! Daar is baie wat nie so bevoorreg is nie. Ken jy dalk so iemand? Iemand wat dalk nie 'n Bybel het nie? Iemand wat nie 'n Bybel in sy/haar eie taal het nie? Iemand wat daarna hunker om God beter te leer ken, en baat kan vind by 'n ander verklaring? Of dalk 'n jongmens wat net 'n bietjie aansporing nodig het om meer tyd aan Bybelstudie te spandeer? Dalk 'n ouer persoon wat nie meer regkom met die teksgrootte van hul jarelange Bybel nie? Miskien ken jy iemand wat baie tyd op die pad of die Gautrein spandeer en die MP3-formaat Bybel baie goed kan gebruik?

By Boekenhout-Folmer is daar meer as 40 Bybels op ons uitgebreide lys. In verskillende vertalings, tale, met verskillende omslae (denim, kurk, met blomme, ens.) en in verskillende groottes en formate (MP3 of harde kopie). Daar is ook studiemateriaal, handboeke, konkordansies, Bybelse woordeboeke en ensiklopedieë beskikbaar om jou tydens Bybelstudie te help. As gesin kan julle gerus van die beskikbare speletjies om Bybelkennis te verbeter saam speel of 'n Bybelse tydlyn aankoop.

Geniet dit!

Nuut op die rak

Die Trojaanse Perd in die NG Kerk – die kanker van evolusie en liberalisme
Besorgde lidmate en leraars

In hierdie boek word gewys dat gesaghebbende teoloë met hul optrede en uitlatings rooi waarskuwingsligte vir die NG Kerk laat flikker. Skokfeite wat die voortbestaan van die Kerk van Jesus Christus ernstig bedreig, word op die tafel geplaas. Interessant en skokkend om te lees.

Slegs R 97.50!



Afsnydatum vir die volgende
uitgawe van KOMPAS:
5 Junie 2013

Artikels moet na volgende
e-posadres gestuur word:
kompas@vgk.org.za